Gered = Gestuur!

5 Mei 2024

Ds. Willem Badenhorst
willem@moreleta.co.za

Inleiding

Fellowship - 25 min

Verwelkoming & Gebed:
Gee minstens 2 persone kans om te bid.
1. Is daar iets die week wat gebeur het waarvoor jy dankbaar is?
2. Watter uitdagings het jy hierdie week gehad?
3. Wat het vir jou in die preek uitgestaan die naweek?

Indien die Here verlede week met jou gepraat het oor iets wat jy moes gaan doen, deel dit met die kring. Gee minstens 2 persone kans om te bid. Ons bid vir mekaar se uitdagings en sê vir die Here dankie vir dit waaroor ons kan dankbaar wees.

God roep jou as Sy kind, maar stuur jou ook as Sy kind na die wêreld. Die donker wêreld waarin ons leef, het die Lig van die evangelie nodig. Jesus is die Lig wat die duisternis verdryf. God stuur jou na jou gesin, jou familie, jou vriendekring, jou werksplek en na die wêreld om Sy Goeie Nuus te bring.

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Lees saam

Die Woord - 30 min
Skrifgedeeltes: **Ef. 4:11, Rom. 10:9-17**

- Een persoon lees die gedeelte.
- 'n Tweede persoon vertel die verhaal so volledig moontlik. Dit is nie 'n intelligensie toets nie. Die doel hiervan is om net 'n geheelbeeld van die gedeelte te kry. Moenie die gedeelte opsom of jou opinie gee van wat hier staan nie. Vertel so feitelik moontlik wat hier staan.
- 'n Derde persoon lees die gedeelte 'n tweede keer.

NB: Die fokus is op wat in hierdie spesifieke Skrifgedeeltes staan. Probeer om so min as moontlik van kruisverwysings gebruik te maak – om nie ander Skrifgedeeltes by die bespreking van hierdie spesifieke Skrifgedeeltes in te sluit nie. Vra die Heilige Gees om julle te leer. Vermy ingewikkelde teologiese debatte. Die basiese vraag is: Here, wat wil U vir my sê uit hierdie spesifieke Skrifgedeelte?

Gesels saam

Bespreek die Skrifgedeeltes aan die hand van drie vrae:

1. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte?
(Hoe openbaar God Homself aan my: Wie Hy is, Sy karakter, werke, bevele, beloftes?)

2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte?
(Wat verwag God van my volgens hierdie gedeelte – bv. om te vergewe, groei in my verhouding met Hom, gehoorsaam te wees, en in 'n verhouding met Hom te leef? Wat moet in my lewe verander? Wat is my verantwoordelikhede?)

3. 'n Baie sinvolle vraag om te vra, is: Waarom dink jy is hierdie gedeelte in die Bybel?

Gered = Gestuur!
5 Mei 2024
Ds. Willem Badenhorst

willem@moreleta.co.za

Doen saam

Gehoorsaamheid - 20min

Nadat julle die teksgedeeltes bestudeer het, wat voel julle vra die Heilige Gees van julle om te doen?

Omdat dit God is wat hier praat, moet ons reageer. In hierdie gedeelte van die groepsbyeenkoms gaan ons oor van inligting na. gehoorsaamheid: Is daar iets wat in jou lewe moet verander in die lig van julle bespreking van hierdie Skrifgedeeltes?
Wat is daar wat jy in die komende week moet doen na aanleiding van julle bestudering van hierdie Skrifgedeeltes? Hoe kan jy 'n seën wees vir ander mense rondom jou?
Wees baie spesifiek. Almal in die groep reageer op die Woord met 'n **I will statement** vir die week en deel dit met die groep. 'n **I will statement** is 'n persoonlike verbintenis tot wat jy in die komende week prakties sal doen in gehoorsaamheid aan wat die Heilige Gees vir jou sê.

- Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
- Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)
- Besluit om as groep die Donderdag aande Kampus gebedsgeleentheid 18:00 in Revive Restaurant by te woon.

I Will Statement:

_____

_____

_____

Bespreek die onderstaande skets en vrae.
Gebruik hierdie "toolkit" as 'n raamwerk vir gesprekke met ander mense.



1. **In watter sirkel is jy? Jes. 1:18**
2. **In watter sirkel wil jy wees? 1 Joh. 5:12-13**
3. **Wat hou jou terug om vry te kan lewe? Joh. 10:10**
4. **Het jy jou sondes voor God bely? 1 Joh. 1:9**
5. **Vra God om jou te vul deur Sy Gees. Ef. 5:18**

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke
076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum wholeness@moreleta.co.za 012 997 8035